



**SENTRUM** *vir*  
Studentevoorigting en-ontwikkeling  
*ssvo*

**JAARVERSLAG 2015**



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY



Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling  
 Privaatsak XI, Matieland 7602  
 Tel: 021 808 4707 / 4994  
 Faks: 021 808 4706 / 3663  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/ssvo](http://www.sun.ac.za/ssvo)

Teks deur: SSV0 - Span  
 Taalversorging: Danie Steyl  
 Foto's: Henry Africa en US Fotograwe  
 Gedruk: SUNMeDIA  
 Ontwerp en Uitleg: Nicoleen Briers



# INHOUDSOPGAWE

**BOODSKAPPE**

**2**

**INLEIDING**

**4**

**DIE EENHEDE BY SSVO**

**6**

Einheit vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling  
Einheit vir Gestremhede  
Einheit vir Graduandi-loopbaandienste  
Einheit vir Psigoterapeutiese- en ondersteuningsdienste  
Matie SURpass Einheit

**STUDENTE-ONTWIKKELING**

**14**


**STATISTIESE OORSIG**

**16**

**DIE PERSONEEL**

**18**

Ontmoet die span  
Personeelontwikkeling  
Personalia  
Psychology CPD Well program



## *Boodskap van die Senior Direkteur:* Studentesake dr Ludolph Botha

**M**y werksverhouding met die SSVO strek oor 'n periode van 18 jaar – vanaf 1997 toe die Sentrum deel van die destydse Afdeling Akademiese Steundienste geword het. As tweede oudste sodanige sentrum in die land speel hierdie uitnemende diensomgewing nog steeds deurlopend 'n sleutelrol aan ons Universiteit. Die Sentrum se werksaamhede het oor die jare algaande uitgebrei met ander funksies as net voorligting en terapie, byvoorbeeld 'n skerper fokus op ontwikkeling, loopbaanontwikkeling en die vestiging van 'n eenheid vir gestremdhede.

In 2015 is ons opreg trots op 'n baie dinamiese Sentrum wat steeds uitgebrei wat funksies betref met 'n personeel van bykans 40 om die toenemende behoeftes van ons groeiende studentepopulasie te ondervang. Die mees onlangse uitbreidings is die insluiting van 'n maatskaplike werker as deel van die span, asook die MIV-kantoor wat deel van die Sentrum word.

Die afgelope jaar het talle hoogtepunte gehad, waarvan die Sentrum se besonder konstruktiewe bydrae tydens die protesaksies en studente-aktiwisme spesiale vermelding verdien. Behalwe dié buitengewone gebeure het die Sentrum steeds voortgegaan om op talle terreine 'n onontbeerlike en hoogs professionele diens te lewer, soos byvoorbeeld met 'n taakspan se werk vir die daarstelling en hersiening van anti-diskriminasie- en seksuele teisteringsbeleid (met die direkteur, dr Munita Dunn-Coetzee, as die sameroeper), 'n sterk professionele adviserende rol in die hertoelating van studente wat akademies op risiko is, 'n baie suksesvolle werwingsprogram en loopbaanuitstallings, 'n relevanter en sigbaarder diens aan en bewusmaking van die behoeftes van fisies gestremde studente, die 24-uur Krisisdienste en vele ander deurlopende bydraes wat meestal agter die skerms en ongesiens plaasvind en vir talle studente 'n beduidend positiewe verskil maak.

My hartlike dank en gelukwense aan die direkteur en al die personeel van die SSVO wat 2015 weereens 'n buitengewoon suksesvolle jaar gemaak het waarvan hierdie verslag 'n gloeiende getuigenis is. My beste wense vergesel die SSVO op die pad vorentoe. Dit was 'n groot voorreg om vir soveel jaar so nou met die baie spesiale kollegas in hierdie Sentrum te kon saamwerk. Ek gaan julle regtig mis!

Ludolph



## *Boodskap van die Direkteur:*

### SSVO dr Munita Dunn-Coetzee

**D**it is voorwaar 'n voorreg om my eerste jaar as Direkteur by die SSVO met so 'n jaarverslag te kan afsluit. Die Sentrum het gedurende 2015 van krag tot krag gegaan deur professionele sielkundige, ondersteunings- en ontwikkelingsdienste aan die studentekorps te lewer.

My fokus vir die jaar was om die relevansie van die Sentrum te versterk en die stem van SSVO op die kampus verder te ontwikkel. SSVO beslaan vyf geboue in Victoriastraat en is sentraal op die kampus geleë, maar die boodskap wat elke gebou uitdra, moes verder ontwikkel word. Victoriastraat 37, waar SSVO se sentrale ontvangs geleë is, is hierdie jaar gerestoureer en in 'n meer studente-vriendelike gebou omskep – kom maak gerus 'n draai om die verandering te beleef!

Die SSVO is 'n integrale rolspeler om studentesukses te optimaliseer, en ons heg waarde aan samewerkende verhoudings met kollegas – by US, nasionaal en internasionaal.

My opregte dank aan almal wat die afgelope jaar tot die SSVO se sukses bygedra het – veral aan dr Ludolph Botha, die Bestuurskomitee en elke personeelid by SSVO, vir jul toewyding, energie en positiewe gesindheid. Ek sien uit na 2016 met so 'n span!

*Munita*



# Inleiding

Vanjaar het die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO), onder leiding van sy nuwe direkteur, dr Munita Dunn-Coetzee, met 'n nuwe oog na dienslewering gekyk en besluit om 'n nuwe baadjie aan te trek. In die verlede het die SSVO uit vier kantore bestaan; nou bestaan dit uit vier eenhede waarvan die name aangepas is om die spektrum van dienste wat gelewer word, sterker te omskryf. Dit bied die geleentheid vir sterker ontwikkeling in elke eenheid. Die MIV-kantoor het op 1 Desember 2015 na die SSVO geskuif en sal integreer by die Sentrum as 'n vyfde eenheid.



Die Personeel van die SSVO

## Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling (EAVO)

Hierdie eenheid lewer 'n ontwikkelingsgerigte diens wat fokus op die akademiese uitdagings wat studente mag ervaar. Individuele konsultasies, werksinkels en selfhelpmateriaal help studente om beter te doen, te wees en te voel.

## Eenheid vir Gestremdhede (EG)

Personeellede in hierdie eenheid, voorheen bekend as die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoefes, werk óf in die Braille-afdeling, óf met die res van die studente met gestremdhede en ander spesiale behoeftes. Hul hoofsaak is om te bepaal hoe studente met spesiale leerbehoefes redelikerwys geakkommodeer kan word, gegewe hul gestremdhede.

## Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste (EGL)

Die Loopbanekantoor is nou die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste (EGL). Die naamverandering help onder meer om verwarring met die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, wat primêr daarop ingestel is om voornemende studente te bedien, uit die weg te ruim. Hoewel die EGL alle Maties bedien, is hul dienste veral daarop gerig om finalejaarstudente vir die wêreld van werk voor te berei.

## Eenheid vir Psigoterapeutiese - en ondersteuningsdienste (EPO)

Die Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling (APTO) se naam het verander na die Eenheid vir Psigoterapeutiese - en ondersteuningsdienste (EPO). Die EPO bied 'n 24-uur Krisisdienst, individuele terapie, groepterapie, maatskaplike dienste en werksinkels (persoonlike ontwikkeling).

## MIV-kantoor skuif na SSVO: MatieSURpass Eenheid

Die nuwe MatieSURpass Eenheid by SSVO gaan die kollektiewe benadering teenoor sosiale regverdigheid en die diskoers oor sosiale ongelykwaardigheid by US bevorder. Die eenheid gaan die bewustheid oor seksualiteit, gender, MIV/Vigs en anti-diskriminasie op kampus onder studente en personeel bevorder en 'n opleidingsrol speel deur 'n verskeidenheid intervensies en programme in samewerking met relevante kampusstrukture.

Die MatieSURpass Eenheid gaan die implementering van die US se beleid oor Onbillike Diskriminasie (in proses), Seksuele Teistering en MIV/Vigs koördineer.

Dit sal ook dien as die gesentraliseerde eenstopdiens waarvandaan insidente van onbillike diskriminasie en verskeie vorme van teistering wat beide studente en personeel ervaar, bestuur word.

Vind hul op [Facebook](#) en [Twitter @MatieSURpass](#) vir nuus en gebeure!

“

*The motivation part is something I liked because we tend to forget to be motivated when we feel 'depressed' by all the work.*”

-Studente terugvoer

## Enheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling (EAVO)

Die **EAVO** fokus op die optimalisering van studente se akademiese potensiaal ten einde hul beleving van sukses by die Universiteit Stellenbosch te bevorder.

Twee voltydse opvoedkundige sielkundiges, naamlik Christa Koch en Sindi Wahl asook drie intern-sielkundiges (opvoedkundig), naamlik Thea Coetzee (eerste en tweede semester), Timara Wyngaard (tweede semester) en Winnie Gae (tweede semester) het vanjaar onder leiding van Elmien Strauss 'n totaal van 1634 kliënte\* in individuele sessies hanteer. 'n Totaal van 2668 sessies\* is in 2015 hanteer. Claudia Saunderson, 'n geregistreerde psigometris, het vanjaar altesaam 214 psigometriese assesserings hanteer.

Die volgende konsultant-sielkundiges het ook met die hantering van die individuele sessies gehelp: Anel Kieck, Amanda van der Vyver, Natalie Smith-Chandler en Louise Fischer. Konsultasies sowel as groepwerk/werkswinkels is op die Stellenbosch-kampus en Tygerberg-kampus gelewer.

Werkswinkels:

Liezl de Kock het kwartaalliks werkswinkels met die volgende temas vir studente op die Stellenbosch-kampus aangebied:

- Studievaardighede
- Tydsbestuur
- Denkvaardighede
- Stresbestuur tydens toetse en eksamens

Altesaam 187 studente het hierdie werkswinkels bygewoon, en die gehalte van die aanbieding en inhoud is op 90.8% deur die deelnemers geëvalueer.

Sindi Wahl het die *Master your Mind* kursus vir 'n groep studente aangebied.

Natalie Smith-Chandler het die volgende werkswinkels op die Tygerberg-kampus aangebied:

- Studiemetodes en leerstyle
- Geheuetegnieke en eksamenvoorbereiding
- Tyd- en stresbestuur

Altesaam 127 studente het die werkswinkels wat deur Natalie Smith-Chandler gefasiliteer is, bygewoon. Die studente het die werkswinkels in die geheel met 'n gemiddeld van 88% geëvalueer.

Die **EAVO** was gedurende 2015 by die volgende intervensies, wat in fakulteitsverband gedurende geskeduleerde periodes geskied het, betrokke:



Die Personeel van die Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling



Fakulteit	Intervensie	Aantal studente
Natuurwetenskappe	Leerder-reseptiwiteit Profiel (Neuro-Link)	148 Eerstejaar Verlengde Graadprogram-studente
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Leerder-reseptiwiteit Profiel (Neuro-Link)	163 Eerstejaar Verlengde Graadprogram-studente
Geneeskundige en Gesondheidswetenskappe	Leerder-reseptiwiteit Profiel (Neuro-Link)	58 Eerstejaar Verlengde Graadprogram-studente
Geneeskundige en Gesondheidswetenskappe	Opvolgessie: Studievaardighede	58 Eerstejaar Verlengde Graadprogram-studente
Geneeskundige en Gesondheidswetenskappe	Module: Persoonlike en Professionele Ontwikkeling Tema D	352 Eerstejaarstudente
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Studievaardighede	100 Eerstejaar Verlengde Graadprogram-studente
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Tydbestuur	100 Eerstejaar Verlengde Graadprogram-studente

## Ander opwindende projekte en hoogtepunte gedurende 2015

- **Henry Africa** het by EAVO as Koördineerder: Projekte aangesluit.
- **Christa Koch** het die Internasionale Vereniging vir Kognitiewe Onderwys in Suid-Afrika se jaarlikse konferensie bygewoon en 'n plakkaat getiteld *Die ontwikkeling van 'n goed-afgeronde nagraadse student met brein-gebaseerde ondersteuning strategieë* aangebied.
- **Johan van Lill** het 'n radio-onderhoud met Christa Koch vir die program Groeipyne op RSG gevoer oor brein-gebaseerde ondersteuningstrategieë.
- **Elmien Strauss, Christa Koch en Sindi Wahl** het 'n werkwinkel getiteld *Die begrip van en die meting van geheue* (aangebied deur dr Sharon Truter) bygewoon.
- **Christa Koch** het 'n werkwinkel getiteld *Rekordhouding vir sielkundiges: Etiese en praktiese oorwegings* (aangebied deur dr Alfred Allen) bygewoon.
- **Elmien Strauss** het 'n werkwinkel getiteld *Die verryking van jou leeromgewing vir kumulatiewe kennisversameling deur die gebruik van multimedia* (aangebied deur Wim van Petegen) bygewoon.
- **Elmien Strauss** het 'n sessie getiteld *Learning: What's inside?* by Teaching@EMS aangebied.
- **Sindi Wahl** het die tweede module vir die Sertifikaat in Mindfulness-gebaseerde intervensies suksesvol voltooi en ook vir die derde module van hierdie sertifikaatprogram ingeskryf.
- **Die EAVO** het 'n afvaardiging van hoëronderwys-instansies in Nigerië ontvang en in samewerking met Neuro-Link 'n gesprek oor akademiese ondersteuning aan studente gefasiliteer.



*Balle vir stresshantering is in samewerking met Van Schaik Boekwinkel ontwerp en sal in werksessies met studente benut word.*

“*Knowing the learning styles and how to study with the style.*”

-Studente terugvoer



Personeel van die Eenheid van Gestremdhede

## Eenheid vir Gestremdhede (EG)

Die Eenheid vir Gestremdhede (EG), voorheen bekend as die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoefes (Gestremdhede) bestaan uit vyf personeellede. Drie personeellede werk in die Braille-afdeling van ons EG, en twee personeellede werk met die res van die studente met gestremdhede en ander spesiale behoeftes, en het hulle kantoor by die SSVO.

Ons hoofsaak is om redelike akkommodering van ons studente se leerbehoefes, gegewe hulle gestremdhede, te oorweeg. Hierdie taak word met uiterste professionalisme gedoen, deur altyd elke student wat ons kom spreek, as 'n individu te sien en nie as "een van hulle" of "die gestremdes", soos mense dikwels na studente met gestremdhede verwys, nie. Die grondslag van ons werk spruit uit 'n sosiale model waarin ons die student in sy of haar konteks in die wydste sin van die woord en hoe ons die student redelik kan akkommodeer, oorweeg.

Die EG het nog 'n jaar ervaar waarin daarna gestreef is om die insluiting van mense met gestremdhede op kampus 'n werklikheid te maak. Die personeellede betrokke by die EG is Meagan Stevens, Pippa Louw, Melanie Willems en Marcia Lyner-Cleophas. Een pos by die Braille-kantoor is tans vakant en sal in Januarie 2016 deur me Ilse van Wyk gevul word. Die volgende is 'n kort oorsig oor die hoogtepunte van die jaar:



Professor Wim de Villiers (Rektor) saam met Bongani Mapumulo (tweedejaar - student)

### Verwelkomingsessie vir eerstejaarstudente met gestremdhede

Ons eerste instapsessie het in Januarie 2015 plaasgevind. Dit het aan meer ouers en studente 'n geleentheid gebied om met ons in interaksie te wees.




Personeel van die Eenheid van Gestremdhede saam met rolspelers wat bewustheid help verhoog

## Statistiek

Ons fasiliteer 'n reeks ondersteuning aan studente met spesiale behoeftes. Die Braille-kantoor doen innoverende werk deur gedrukte teks en figure vir blinde studente en diegene met lae visie om te skakel.

In 2015 is 24 studente en personeellede – 14 voorgraads, 7 nagraads en 3 ander – deur die Braille-kantoor ondersteun.

Ons fasiliteer ook toegewings aan studente met spesiale behoeftes. Figuur 1 hier langsaan omlin die soorte ondersteuning wat 649 studente in 2015 ontvang het. EST dui op studente wat ondersteuning in die vorm van ekstra skryftyd ontvang het, wat die hoofondersteuning is wat ontvang is.



## Netwerk-aktiwiteite

### Kaapstadse Vereniging vir Blindes (KVB)

Die Loslitdag-veldtog vir 2015 het tot 'n aantal inisiatiewe aanleiding gegee. 'n Belangrike inisiatief was die voortgesette fokus op die uitdagings ervaar deur blinde gegradueerdes met die verkryging van werksgeleenthede, omdat hoë werkloosheidsyfers bestaan. Die KVB hanteer hierdie probleme in samewerking met die EG en studente.

### Stellenbosch Gestremdheid-netwerk (SGN)

Die SGN vergader oor aktuele gestremdheidverwante kwessies in die Stellenbosch-streek, insluitende vergaderings met gemeenskapsgebaseerde organisasies en nie-regeringsorganisasies. Die EG is 'n aktiewe rolspeler.

### Fakulteit-ondersteuningsbeampies

Ons het produktiewe vergaderings gehad met personeellede van fakulteite en die SSVO wat dien op die komitee wat oor toets- en eksamentogewings besluit. Dit was vrugbaar, en ons beoog om nader by sommige fakulteite betrokke te raak.

### Gestremdheid-bewustheidsveldtog – Loslitdag-veldtog

Hierdie jaar het die EG en AfriNEAD 'n gesamentlike institusionele gestremdheid-veldtog met 'n sterk media-, sosiale, gestremdheidgesprek- en sportfokus gevoer. – in hierdie artikels by:

<http://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=2884>

<http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Blind-computer-scientist-makes-the-impossible-possible-20150917>

<http://theconversation.com/live-captioning-could-transform-deaf-students-university-experience-47878>

[http://www.sun.ac.za/afrikaans/Kampusnuus/2015/KN\\_Sepember2015.pdf](http://www.sun.ac.za/afrikaans/Kampusnuus/2015/KN_Sepember2015.pdf)

## Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste (EGL)

Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste het tot onlangs as die Loopbanekantoor bekend gestaan. Die “Graduandi” in ons nuwe naam verwys na studente wat op die randjie staan om te gradueer. Alhoewel die EGL alle Maties bedien, is ons dienste veral daarop gerig om ons finalejaarstudente vir die wêreld van werk voor te berei. Ons kernbesigheid bly dus dieselfde: die optimale voorbereiding van ons studente vir die wêreld van werk.

Die personeel betrokke by die Eenheid is Marquard Timmey (Hoof en Senior Voorligtingsielkundige), Wilna Naudé (Senior Administratiewe Beampete), Thobeka Msi (Koördineerder: Virtuele Loopbaaninligting), Annette Joubert (5/8 Administratiewe Beampete) en Delisha van Neel (Ontvangsdame).



Personeel van Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste

### Hierdie taak word verrig via verskeie loopbaandienste, waaronder die volgende:

- Werksessies oor die skryf van CV's en dekbriewe en onderhoudsvoering
- Jaarlikse Werwing- en Loopbaanontwikkelingsprogram  
*Loopbaanuitstallings*  
*Maatskappy-aanbiedinge tydens die etensuur*  
*Maatskappy-assesserings en -onderhoude*  
*Werwingsprogram-publikasie*
- Die bestuur van die loopbaanportaal
- Individuele loopbaanontwikkeling-gespreksessies

Ons het in 2015 veral daarop gefokus om

- ons sentrum se webblad te finaliseer en lewendig te maak;
- 'n aangesig-tot-aangesig “persoonlike handelsmerk”-werksessie te loods;
- die uitdagings wat met ons loopbaanuitstallings gepaard gaan, effektief te hanteer;
- ons werksessies na meer departemente en koshuise/PSO's uit te neem; en
- meer tydelike werksgeleenthede vir studente op ons loopbaanportaal te adverteer.

### Interessante interne statistiek:

**89** maatskappye het aan die LBK se drie *loopbaanuitstallings* deelgeneem.

**7** maatskappye het etensuur-*aanbiedinge* gedoen.

**32** maatskappye het in die 2015 Werwingsprogramboekie *geadverteer*.

**112** maatskappye het aan die Werwingsprogram *deelgeneem*.

Ongeveer **368** studente is vir onderhoude en assesserings *genooi*.

Daar was ongeveer **9512** besoeke tydens die drie *loopbaanuitstallings*.

**856** *instap-navrae* by die EGL se Bronnesentrum vanaf Januarie 2015 tot November 2015.

**472** studente het aan die EGL se *werksessies* oor die skryf van CV's en dekbriewe en onderhoudsvoering deelgeneem.

## Konferensies en Forums

A. Joubert en M. Timmey het die SAGEA Kwartaallikse Netwerkgeleentheid op 25 Februarie 2015 bygewoon. Emeritus Professor Ian Scott van die Universiteit van Kaapstad 'n voorlegging aangebied getiteld *Directions and key choices in South African Higher Education – and their implications for our economy* aangebied.

M. Timmey, W. Naude en A. Joubert het die tweejaarlikse konferensie van die South African Graduate Employers Association (SAGEA) op 5 en 6 November 2015 in Magaliesburg, Gauteng, bygewoon. Hulle het ook die Loopbaandienste Netwerk Forum op 4 November 2015 bygewoon.

## Aanbiedings en lesings

Addisioneel tot ons interne werksessies was ons eenheid by die volgende aanbiedinge op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampusse betrokke:

**Thobeka Msi** het die CV-skryf- en Onderhoudsvoering-werksessies aan 'n verskeidenheid van groepe aangebied.

**Thobeka Msi** en **Marquard Timmey** het die CV-skryf- en Onderhoudsvoering-werksessies as deel van die Frederick Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteieierskaps-ontwikkeling se Graderingsprogram aangebied.

**Marquard Timmey** het vir **dr Sue Bosch** uitgenooi om 'n praatjie oor "Die Werksmark vir BSc-studente" vir 'n groep studente in BSc Honneurs (Mikrobiologie) aan te bied.

**Thobeka Msi** het die CV-skryf-werksessie aan studente in Sportwetenskap Honneurs aangebied.

**Marquard Timmey** het 'n lesing getiteld "Loopbaanvoortligting uit 'n Studentevoortligtingsperspektief" aan studente in Sielkunde Honneurs aangebied.

**Thobeka Msi** en **Marquard Timmey** het die werksessies oor die skryf van CV's en dekbriewe aan die derdejaar-studente in BSc Dieetkunde aangebied.



Annette Joubert en Wilna Naude met studente-assistente wat die Eenheid bystaan



Marquard Timmey en 'n groep van die uitstallers wat jaarliks die loopbaanuitstallings op kampus bywoon

## Eenheid vir Psigoterapeutiese - en ondersteuningsdienste (EPO)

Die Eenheid se doel is om behoud en deurvoering van studente te bevorder en speel ook 'n bepleitingsrol. Akademiese sukses is van die grootste belang, maar wanneer studente deur uitdagings in hulle persoonlike lewens geaffekteer word, mag hulle akademiese prestasie geaffekteer word. Om optimaal te funksioneer, is dit vir studente belangrik dat dienste holisties tot hulle ontwikkeling moet bydra. 'n Sleutelverantwoordelikheid van die Eenheid is om voortgesette en professionele dienste aan studente te bied. Die Eenheid streef daarna om dit te doen deur die aanbieding van 'n reeks dienste op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampusse, naamlik individuele psigoterapie, groepintervensies, 'n 24-uur Krisisdienst en maatskaplike werk-ondersteuning.

Totale getal kliënte (individuele en klein groep intervensie)	1558
Totale getal sessies (individuele en klein groep intervensie)	4902
Totale getal groepe Tygerberg Kampus	276

### Personeelvoorsiening

Omdat die behoeftes van studente toeneem, is twee kliniese sielkundiges – een vir elke kampus, asook 'n ontvangsdame op die Tygerberg-kampus – aangestel. Die Eenheid het ook 'n kontrak met 'n privaat psigiater wat een keer per week dienste aan ons studente op die kampus lewer. Dit behels 'n meer geïntegreerde diens wat in noue skakeling gebied word. Gedurende baie besige tye word die dienste van privaat sielkundiges gebruik om dienste aan te vul om te voorkom dat studente te lank vir 'n afspraak moet wag.

“

*I realised too that effective studying can be done.*

”

-Studente terugvoer



Personeel van die Eenheid van Psigoterapeutiese- en ondersteuningsdienste

## Individuele psigoterapie

Die Eenheid het 'n paar nuwe intervensies onderneem om die diens meer toeganklik vir studente te maak. 'n Daaglikse assesseringsproses is in die middel van die jaar geïnisieer. Studente word geasseseer om die aard van hulle presenterende probleem vas te stel, en dan word 'n afspraak volgens die erns van die probleem gemaak. Dit verhoed dat studente op 'n waglys geplaas word.

## Groepintervensies

Ons het voortgegaan met ons *Eweknie-tot-eweknie-* en *Vreesfaktor-groepe* van die vorige jaar. Die *Eweknie-tot-eweknie* bied deurlopende ondersteuning regdeur die jaar aan studente wat hulle sosiale vaardighede/verhoudings wil bevorder of wat geïsoleer op die kampus voel. 'n Korttermyn-groep wat angs hanteer het, genaamd die *Vreesfaktor-groep*, is gedurende die eerste semester gefasiliteer.

Twee nuwe groepe, *Skep die ek wat ek wil wees* en *Neem die druk weg*, is in 2015 geïnisieer. Ad hoc-groepe is ook aangebied soos wat die behoefte gedurende die jaar ontstaan het, byvoorbeeld ondersteuningsgroepe in die Departement van Visuele Kunste asook groepe betrokke by die studente-opstande.

Drie werkwinkels oor *Bestuur jou stres* het plaasgevind en is goed bygewoon. Geestesgesondheidsweek-aktiwiteite het 'n goed besoekte Inligtingslessenaar in kombinasie met films by die Neelsie ingesluit.

## 24-uur Krisisdien

Gedurende 2015 het die 24-uur Krisisdien nuwe uitdagings in die gesig gestaar. Die Van der Ster-brand en die onlangse protesaksies deur studente en personeel het gebeure gedomineer. Angs, depressie en trauma wat op aanranding/roof gevolg het, was ander hoofprobleme wat by die Krisisdien aangemeld is. Hierdie jaar is traumaberading aan 354 individue gebied, bykomend tot die 772 persone wat groeptraumaberading ontvang het. 'n Trauma-opleidingskursus is vir 40 finalejaar Maatskaplike Werk-studente aangebied.



Studente neem deel aan die Geestesgesondheidsuitstalling

## Maatskaplike Werk

Die maatskaplike werker se kantoor bied hulp, leiding en individuele berading aan studente ten opsigte van sosiale kwessies en welsynsbehoefes wat hulle studies kan beïnvloed.

Hierdie kantoor het die afgelope jaar 'n aantal projekte geïnisieer. In die Junie-eksamentydperk is opgemerk dat studente 'n ernstige behoefte aan voedsel gehad het; daarom het die maatskaplike werker bykomende voedselkoepons geïnisieer om sodanige studente gedurende eksamentye by te staan. Baie studente word deur finansiële probleme gekonfronteer, maar hulle voldoen nie aan die kriteria van die finansiële bystand-middeletoeits nie. Die Ontwikkeling- en Alumni-betrekkinge-kantoor is genader om met fondsinsameling te help – gevallestudies sal voorsien word om versoeke vir borgskappe te ondersteun.

Die Werkstudieprogram aspireer om finansiëel uitgedaagde studente betekenisvol by te staan deur aan hulle werksgeleenthede op die kampus te bied terwyl hulle studeer.

## EPO-dienste op die Tygerberg-kampus

Die dienste van twee kliniese sielkundiges by Tygerberg is in 2015 goed gebruik. Bo en behalwe 'n hoë vraag na individuele terapie is verskeie groepintervensies gefasiliteer. Hierdie intervensies was spesifiek gerig op die hantering van stresbestuur asook probleme wat studente met blootstelling aan die verskeie kliniese omgewings ondervind het. Bykomend het sielkundiges ook verskeie praatjies en opleidingsessies, wat goed deur studente asook personeel gelede ontvang is, gefasiliteer.


## Studente-ontwikkeling

Ten spyte daarvan dat die SSVO verskillende eenhede en kantore het wat aan verskillende aspekte van welwees van studente aandag gee, bied die SSVO ook oorhoofs sekere programme aan wat op studente-ontwikkeling gerig is.

Die SSVO het 'n diverse werkswinkelprogram in 2015 aangebied vir studente wat akademiese en persoonlike vaardighede wou ontwikkel. Hierdie werksinkels is elke kwartaal of semester herhaal en na afloop van formele lesingsure aangebied om toeganklikheid te verhoog.

Werkswinkels het die volgende ingesluit:

- Akademiese werksinkels (aangebied deur EAVO): Stresbestuur tydens toetse en eksamens; Tydsbestuur; Studiemetodes; en Denkvaardighede.
- Persoonlike ontwikkelingswerksinkels (aangebied deur die EPO): Stresbestuur; Bestuur jou studies en persoonlike lewe beter.
- Loopbaanontwikkelingswerksinkels (aangebied deur die EGL): Skryf van 'n CV en Voorbereiding vir werksonderhoudvoering.
- Gebaretaal-werkswinkels vir studente en personeel wat deur die EG aangebied is.





Selfhulpmateriaal oor 'n verskeidenheid onderwerpe is op die SSVO se webblad beskikbaar. 'n Module getiteld *SU Study Success* is ook op SUNLearn beskikbaar, en studente het vanjaar flink daarvoor geregistreer.

Die SSVO was betrokke by die opleiding van die mentor-tutors op die Tygerberg-kampus (saam met ander rolspelers) en die mentors op die Stellenbosch-kampus (saam met die Sentrum vir Studentestrukture en Gemeenskappe) met 'n spesifieke fokus op die gebruik van die *BeWell*-program. Die program bemagtig die mentors om aan die hand van die welweesmodel met eerstejaars ontwikkelingsgerigte gesprekke te voer. Elke mentor het 'n stel welweeskaarte ontvang wat gebruik word om gesprekke oor die verskillende dimensies van welwees te medieer. Die *BeWell*-webtuiste verskaf addisionele hulpbronne en monitor ook die gespreksessies.

Die SSVO-personeel het ook tot die formele onderrig van studente bygedra. E Strauss, C Koch, E Kruger, en W Beukes het die module met die tema *Die suksesvolle Gesondheidswetenskap-student* vir die eerstejaarstudente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied. Die Hoof van die 24-uur Krisisdienst, LA Vlok, het Krisisintervensie as 'n module vir die Maatskaplike Werk-studente aangebied.

Algemene bewuswording van die SSVO is ook onder studente bevorder deur die Sentrum se deelname aan dae soos Loslittag en Wêreld Geestesgesondheidsdag. Ter viering van Wêreld Geestesgesondheidsdag (10 Oktober) het die SSVO byvoorbeeld, in samewerking met die Pulp Filmvereniging ('n studentevereniging op die Stellenbosch-kampus), populêre films met 'n geestesgesondheidstema by die Neelsie-bioskoop vertoon.



Verskillende ontwikkelingsgeleenthede deur Studente bygewoon

“


*The practical way of applying study skills to take in information and compact it into easy to understand language and format.*

-Studente terugvoer


”

# Statistiese Oorsig


SSVO kliënte en sessies individuele en klein groepe (werkswinkels,werksessies en groepsessie)




## Kliënte per jaargroep




## Kliënte per Fakulteit




### Aantal Kliënte per verblyf



### Kliënte per ouderdom wat by SSVO aanmeld



### Aantal Kliënte per Geslag



# Die Personeel

Direkteur  
Eerste Sekretaesse  
Sentrale ontvangs: Sekretaesse  
Sentrale ontvangs: Sekretaesse  
Assistent

Dr M Dunn-Coetzee  
Me HZ Kotzé  
Me A Welgemoed  
Me MC Denysse  
Me MM Vlok

## Eenheid vir Psigoterapeutiese - en ondersteuningsdienste

Adjunkdirekteur  
Senior Sekretaesse  
Hoof: 24-uur Krisisdienst  
Senior Voorligtingsielkundige  
Kliniese Sielkundige  
Kliniese Sielkundige  
Kliniese Sielkundige  
  
Kliniese Sielkundige  
Kliniese Sielkundige  
Maatskaplike Werker  
Senior Kliniese Sielkundige (Tygerberg-kampus)  
Kliniese Sielkundige (Tygerberg-kampus)  
Assistent  
Konsultant Psigiater  
Konsultant Kliniese Sielkundige  
Konsultant Kliniese Sielkundige  
Konsultant Kliniese Sielkundige  
Konsultant Kliniese Sielkundige  
Konsultant Kliniese Sielkundige

Me M Parker  
Me LV Milford-Smith  
Mnr LA Vlok  
Me E Kruger  
Me WJ Beukes  
Me AR McConney  
Mnr M Strydom  
  
Mnr F van der Linde  
Dr A Grundlingh  
Me LG Witbooi  
Me A Nel  
Me L Joubert  
Me KE Williams  
Dr C van den Berg  
Mnr JH Meyer  
Me K Huyssen  
Me M Botha  
Me M Loubser  
Mnr JP Theron

## Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling

Hoof  
Opvoedkundige Sielkundige  
Opvoedkundige Sielkundige  
Psigometris  
Intern Opvoedkundige Sielkundige  
Intern Opvoedkundige Sielkundige  
Intern Opvoedkundige Sielkundige  
Konsultant Opvoedkundige Sielkundige  
Konsultant Opvoedkundige Sielkundige  
Konsultant Opvoedkundige Sielkundige  
Konsultant Opvoedkundige Sielkundige  
Werkswinkel Koördineerder

Me E Strauss  
Me S Wahl  
Me C Koch  
Me CP Saunderson  
Me E Coetzee (Jan – Des 2015, 3 dae per week)  
Me T Wyngaard (Jul – Des 2015, voltyds)  
Me W Gae (Jul – Des 2015, voltyds)  
Me A Van der Vyver  
Me A Kieck  
Me L Fischer  
Me N Smith-Chandler  
Me L de Kock



Personeel moet ook na hul sosiale welwees omsien

## Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste

Hoof  
Senior Administratiewe Beampte  
Administratiewe Beampte  
Virtuele Loopbaaninligting-koördineerder  
Sekretaresse

## Eenheid vir Gestremdhede

Hoof  
Kommunikasiebeampte  
Senior Brailleringsbeampte  
Brailleringsbeampte  
Brailleringsbeampte



Personeel van Victoriastraat 37,  
ook bekend as sentrale ontvangs

## Personalia

Die oioevaar het die SSVO hierdie jaar twee kere besoek! Christa en Louhan Koch het op 12 Augustus 2015 'n babadogter, Nicola, ryker geword. Sindi en Nolan van Heerden het op 3 Oktober 2015 'n babaseun, Lucas, ryker geword. Dan is dit ook ongelukkig tyd om vir 'n kollega tot siens te sê wat aan die einde van die jaar aftree – Henry Africa. Henry was altesaam 18 jaar by die Universiteit van Stellenbosch werksaam.

## Internskap

Die Sentrum is 'n geakkrediteerde diensverskaffer van internskap-opleiding. 'n Internskap van ses maande word deur die Sentrum aangebied, en die drie interns wat tans hul opleiding hier voltooi, Thea Coetzee, Winnie Gae en Timara Wyngaard, het hul siening oor die Sentrum gedeel.

Mnr M Timmey  
Me W Naude  
Me A Joubert  
Me ST Msi  
Me D van Neel

Me MM Lyner-Cleophas  
Me M Willems  
Mnr JC Wileman  
Me PH Louw  
Me MM Stevens



Die Bestuurskomitee

*Ons internskap by die SSVO was 'n verrykende ervaring op 'n professionele en persoonlike vlak. Die internskap het leergeleenthede in al die domeine*

*rakende die profesie gebied, en deur die blootstelling wat opgedoen is, het ons kennisbasis geweldig uitgebrei. Ons was in staat om te ervaar hoe balans, insig en begrip, asook 'n innerlike bewustheid van empatie en kongruensie, integrale dele van ons verbintenisse met kliënte was. In geheel was ons internskap 'n verrykende leerervaring wat die velerlei fasette van die rol van 'n opvoedkundige sielkundige na die bewussyn gebring het. Ons waardeer die geleentheid en ondersteuning wat ons toesighouers en kollegas tydens ons internskap by die SSVO gebied het.*



Personeel van die Eenheid van Gestremdhede  
saam met twee van die interns.

## Personeelontwikkeling

As deel van die Sentrum se verbintenis tot welwees van personeel, is veral hierdie jaar prioriteit verleen aan die voortgesette ontwikkeling en opleiding van personeel. Die optimalisering van personeel se potensiaal is 'n kern-aspek van SSVO se benadering, en interne ontwikkelingsgeleenthede word aangebied in die vorm van individuele en groepsupervisie aan geregistreerde sielkundiges. Daar is ook forums waar gesprek met relevante kenners en diensverskaffers op die kampus gevoer word, asook opleiding deur eksterne diensverskaffers aan personeel ten einde elkeen te bemagtig.

Die jaarlikse konferensie van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Voorligting en Ontwikkeling in Hoër Onderwys het gedurende September plaasgevind. Die personeel van SSVO het bygedra tot die nasionale diskoers deur die volgende aanbiedings te lewer:

**Wilma Beukes:** *Exploring the need for creative approaches to group psychotherapy*

**Munita Dunn-Coetzee & Magda Fourie-Malherbe:** *Promoting social change amongst students in Higher Education*

**Angelique McConney:** *Taking group interventions beyond best to next*

**An- Maree Nel & Liani Joubert:** *Reflections on group interventions designed to address the needs of new generation medical students' at Tygerberg campus*

**Mumtaj Parker & Elmarie Kruger:** *What does the "next" look like when dealing with students' presenting problems and needs within a psychotherapeutic unit?*

**Elmien Strauss, Munita Dunn-Coetzee & Alten du Plessis:** *A developmental approach to student success.*

Die personeel van die Eenheid vir Gestremdhede het as 'n groep 'n plakkaat-aanbieding gedoen getiteld "Stellenbosch University Disability Inclusion: The Road travelled from disability forum to disability unit and beyond".

Dit was **Marcia Lyner-Cleophas, Pippa Louw, Meagan Stevens** en **Melanie Willems**.



Personeel het in hul SSVO-hempies gaan deelneem aan die US Sportdag

Die personeel is ook gestel op hul welwees en het ywerig deelgeneem aan die US Sportdag!

## Psychology CPD Well-program

Die *Psychology CPD Well*-program (voortgesette professionele ontwikkeling) is ontwikkel en geakkrediteer in 2003 om sielkundiges 'n geleentheid te gee om voortgesette professionele ontwikkelingspunte (beter bekend in Engels as "Continued Professional Development"-punte) te verdien, soos wat deur die Professionele Beroepsraad vir Sielkunde vereis word. Sielkundiges kan vir drie verskillende opsies inskryf, naamlik:

- Opsie A: Woon lesings oor verskeie onderwerpe, aangebied deur spesialiste, by.
- Opsie B: Laai vooraf opgeneemde lesings (aangebied in Opsie A) van die internet af en voltooi 'n aanlyn-vraelys.
- Opsie C: Lees webgebaseerde artikels en voltooi 'n aanlyn-vraelys.

Hierdie program het as 'n opleidingsgeleentheid vir ons professionele personeel gedien, maar was ook vir die SSVO 'n derde bron van inkomste, aangesien sielkundiges van buite die US teen 'n fooi kon deelneem.

